

# **“Water pure and wholesome” – watervoorsiening in Bloemfontein gedurende die 19de eeu**

S Marianna Botes  
*Nasionale Museum, Bloemfontein &  
Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis  
Bloemfonteinkampus, Universiteit van die Vrystaat  
mbotes@nasmus.co.za*

## ***Abstract***

### **“Water pure and wholesome” – water supply in Bloemfontein during the 19th century**

Bloemfontein and the greater Mangaung Metropolitan Municipality is today a modern metropolis using and consuming a considerable amount of water on a daily basis. Due to the severe droughts of 2014 and 2015, the water surface levels of the rivers and dams providing water to the Mangaung Metropolitan Municipality dropped critically low. Although boreholes still supply sufficient water in some areas, strict water restrictions were imposed in July 2015 to curb the use and consumption of municipal supplied water. It is, however, nothing new for Bloemfontein to experience serious shortages of water during periods of drought. In order to grasp an understanding of the water problems of the capital of the Free State Province, one have to turn to the history of the city’s water supply. In this article problems regarding water supply in Bloemfontein during the late 19<sup>th</sup> century is investigated.

Due to the fact that Bloemfontein is not located next to a large river, the capital started experiencing water shortages as early as the 1880s. The water sources in the immediate vicinity such as fountains, the Bloemspruit, wells and dams, initially supplied sufficient water to the residents of Bloemfontein, but as the town developed rapidly since the advent of the railway in 1890 and became more populated, the existing water supply was no longer sufficient to provide for the capital’s growing needs. To solve this problem the town required an additional, reliable water source beyond its boundaries. For this purpose the Bloemfontein Water Supply Company was founded in 1889 to explore the possibility of obtaining “water pure and wholesome”. As several private concessionaries to whom concessions were granted to provide the capital with additional water failed, the Bloemfontein city council decided to take matters in own hand; especially since by 1894 the water shortage reached critical levels. In 1896 the Modder River Water Scheme was approved and by 1899 the Free State capital was supplied with water from the nearby Modder River.

In spite of additional waterworks that were built at Maselspoort during the early 20<sup>th</sup> century and several large dams and reservoirs added over time, it did not adequately address the city's water shortages, especially in times of severe droughts. Due to the current reality that an aging water and sanitation infrastructure is only repaired and not replaced, added to the fact that the Free State Province is known for its frequent droughts, the current Mangaung Metropolitan Municipality, that includes the city of Bloemfontein, today still experiences problems with water supply. Accordingly the water problems that started in the 1880s are continuing in the 21<sup>st</sup> century and even intensify. A solution to this problem is urgently required.

**Keywords:** Water supply; Water shortages; Drought; Bloemfontein; Mangaung; Free State; 19<sup>th</sup> Century.

## Inleiding

Tydens 'n groot waterberaad wat in 1985 in Bloemfontein gehou is, is 'n opmerking in 'n referaat gemaak wat 'n universele waarheid bevat, naamlik dat in die benutting van enige streek se ontwikkelingspotensiaal water as lewensnoodsaaklike hulpbron 'n uiters belangrike rol speel. Die beskikbaarheid van water het 'n wesentlike invloed op biologiese lewe, ekonomiese aktiwiteite, die leefbaarheid van 'n omgewing, mense se ontspanningsaktiwiteite en die geografiese verspreiding van bevolkings en hulle maatskaplike prosesse.<sup>1</sup>

Bloemfontein as deel van die groter Mangaung metropolitaanse munisipaliteit is tans die sesde grootste stad in Suid-Afrika, met nagenoeg 463 000 inwoners in 2014.<sup>2</sup> Die Mangaung metropolitaanse munisipaliteit, bestaande uit die stedelike gebiede Bloemfontein, Botshabelo en Thaba 'Nchu (kyk Figuur 1), asook 'n aantal landelike gebiede, het in dieselfde tydperk ongeveer 850 000 inwoners gehad.<sup>3</sup> In Oktober 2014 het verbruikers in die Mangaung-metropool reeds ongeveer 200 miljoen liter water per dag gebruik.<sup>4</sup>

- 1 Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek (hierna VPAB): A566, nr. 143, Die rol van water in die ontwikkeling van 'n streek (referaat, WJH Vrey, Bloemfontein-waterberaad, 7 Mei 1985), p. 2. Vergelyk ook H Haasbroek, "Die ontstaan van die unieke ondergrondse Reservoir-galery (2002) by Oliewenhuis-kunsmuseum in Bloemfontein", *Navorsing van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 30(4), November 2014, p. 52.
- 2 Anon., "Background history" (beskikbaar by <http://www.metroonline.co.za/back-ground-history>, soos gelees op 2 Desember 2014); Anon., "Population of Bloemfontein, South Africa" (beskikbaar by <http://www.population.mongabay.com/population/south-africa/1018725/bloemfontein>, soos gelees op 2 Desember 2014).
- 3 Anon., Regional Centre Bloemfontein, Mangaung Mangaung Metro Municipality (beskikbaar by <http://www.mangaung.co.za/strategic-projects-service-delivery-regulation/regional-centre-bloemfontein/>, soos gelees op 2 Desember 2014).
- 4 M Gericke, "Waterbeperkings dalk binnekort werklikheid in Bloemfontein" (beskikbaar by <http://www.netwerk24.com/nuus/2014-10-17-waterbeperkings-dalk-binnkort-werklikheid-in-bloemfontein>, soos gelees op 3 Desember 2014).

Figuur 1: Kaart van die waterbronne van die Mangaung metropolitaanse munisipaliteit deur L Philip, Departement Argeologie, Nasionale Museum, Bloemfontein, 2016



Bron: Gebaseer op 'n kaart van die grense van die Mangaung Metropolitaanse Munisipaliteit soos verskaf deur die Nasionale Munisipale Afbakeningsraad en ander kaarte, onder meer verkry uit: Anon., "Reconciliation strategy for the large bulk water supply systems: Greater Bloemfontein area. Final interventions report, June 2012" (beskikbaar by <https://www.dwa.gov.za/Projects/Bloem/default.aspx>, soos gelees op 4 Desember 2014).

Die Vrystaat provinsie en dus ook Bloemfontein en die groter Mangaung metropolitaanse munisipaliteit vorm hidrologies deel van die internasionale Oranjerivier-kom wat oor vier Suid-Afrikaanse lande, naamlik Suid-Afrika, Lesotho, Botswana en Namibië strek. Die grootste deel van die Vrystaat provinsie is ongeveer 1300 meter bokant seevlak<sup>5</sup>, terwyl Bloemfontein op 'n hoogte van 1 370,4 meter bokant seevlak geleë is. Die Vrystaatse hoofstad is op die groot Suid-Afrikaanse Hoëveld geleë. Volgens Snyman is die plaaslike topografie van Bloemfontein 'n baie goeie weerspieëling van die algemene topografie van die Vrystaatse Hoëveld en is dit golwend met dolerietkoppies en lae heuwelreekse wat die gebied in alle rigtings deurkruis.<sup>6</sup>

5 National Department of Rural Development & Land Reform in collaboration with Free State Department of the Premier & Free State Department of Co-operative Governance & Traditional affairs, "Free state Province Provincial Spatial Development Framework (PSDF) phase 2 report, 7 March 2013 (beskikbaar by [http://www.freestatepsdf.co.za/wp-content/uploads/2013/FSPSDF\\_Phase2Reposnmanrt\\_7March2013.pdf](http://www.freestatepsdf.co.za/wp-content/uploads/2013/FSPSDF_Phase2Reposnmanrt_7March2013.pdf) soos gelees op 4 Januarie 2017).

6 B Newman, *South African Journey* (Cape Town, Howard Timmins, 1965), p. 106; PM Snyman, "Die grondslae van die historiese aardrykskunde en die toepassing van die 'spesifieke periode'-metode op die historiese aardrykskunde van Bloemfontein tot 1900" (MA, UOVS, 1969), p. 120.

Omdat verouderde water- en sanitasie- infrastruktuur<sup>7</sup> slegs herstel en nie vervang word nie en die Vrystaat provinsie dikwels onder ernstige droogtes gebuk gaan, is daar kort-kort probleme met watersvoorsiening in die Mangaung metropolitaanse munisipaliteit. Die verouderde water- en sanitasie-infrastruktuur veroorsaak ook dat heelwat water deur lekplekke verlore gaan.<sup>8</sup> Sedert Oktober 2014 staar 'n groot waterkrisis weer die Vrystaatse hoofstad en omliggende dorpe in die gesig omdat die damme en riviere wat Bloemfontein van water voorsien, grootliks opgedroog het vanweë die ernstige droogte in die Vrystaat en Noord-Kaap. Water vir die Mangaung metropolitaanse munisipaliteit word deur middel van pypleidings tans (2016) hoofsaaklik van die Welbedacht-, Krugersdrieff-, Mocke-, Knellpoort-, Rustfontein<sup>9</sup> en Groothoek-dam<sup>10</sup> verkry,<sup>11</sup> maar omdat die Welbedachtdam grootliks toegeslik is en die Caledonrivier (kyk Figuur 1), wat hoofsaaklik die damme van die Mangaung metropolitaanse munisipaliteit van water voorsien, ook in Oktober 2014 opgedroog het, het gevaarlike ernstig begin flikker, omdat die Mangaung metropolitaanse munisipaliteit geen reserwewater beskikbaar het nie. Daarom was daar reeds vroeg in 2014 sprake van waterbeperkings wat ingestel sou word, maar dit het nie gebeur nie.<sup>12</sup>

As gevolg van die droogte (sedert 2012) in Suid-Afrika en ook die Vrystaat provinsie, wat as die ergste in baie jare beskou is, het die watertekort in 2015 groter afmetings aangeneem. Gevolglik is streng waterbeperkings in Julie 2015 vir die Mangaung metropolitaanse munisipaliteit ingestel.<sup>13</sup> Water word sedert Augustus 2015 met tye uit die Katse-dam in Lesotho

---

7 Slegs watersvoorsiening word in hierdie artikel bespreek, aangesien sanitasie 'n studie op sy eie regverdig.

8 W Schmidt, "2014: Die opdroog van Bloemfontein?" (beskikbaar by <http://thegreentimes.co.za/2014-die-opdroog-van-die-bloemfontein/>, soos gelees op 3 Desember 2014); Anon., "Bloemfontein se onaanvaarbare waterpenarie" (beskikbaar by <http://vfplus.org.za/media-releases/bloemfontein-se-onaanvaarbare-waterpenarie>, soos gelees op 3 Desember 2014).

9 Die huidige Rustfontein-dam tussen Dewetsdorp en Sannaspos moet nie verwar word met die historiese Rustfontein-dam wat net noord van die 19de eeuse Bloemfontein-dorp geleë was nie (Vergelyk figure 1 en 2).

10 Staam vandag as die Moutloatsi Setlogelo-dam bekend.

11 Anon., "Bloemwater Annual Report 2013/2014", pp. 9-10 (beskikbaar by: <http://www.bloemwater.co.za/>, soos gelees op 2 Desember 2014); Anon., "Reconciliation strategy for the large bulk water supply systems: greater Bloemfontein area. Final interventions report, June 2012", pp. 3-5 (beskikbaar by: <https://www.dwa.gov.za/Projects/Bloem/default.aspx>, soos gelees op 4 Desember 2014).

12 M Gericke, "Waterbeperkings dalk binnekort werklikheid in Bloemfontein" (beskikbaar by <http://www.netwerk24.com/nuus/2014-10-17-waterbeperkings-dalk-binnkort-werklikheid-in-bloemfontein>), soos gelees op 3 Desember 2014).

13 Anon., "South Africa grapples with worst drought in 30 years" (beskikbaar by <http://www.bbc.com/news/world-africa-34884135>, soos gelees op 17 Mei 2016); Anon., "Without rain, drought could be worst in 200 years" (beskikbaar by <http://www.ofm.co.za/article/news/173237/without-rain-drought-could-be-worst-in-200-years>, soos gelees op 17 Mei 2016). Vergelyk ook Anon., "Inwoners beboet wat nie saamwerk", *Bloemnuus*, 27 Augustus 2015, p. 2.

na Bloemfontein herlei<sup>14</sup> om die plaaslike waternood te verlig.<sup>15</sup> Ofskoon dit in 2016 plek-plek gereën het, was dit nie voldoende om die damme se watervlakke noemenswaardig te laat styg nie en streng waterbeperkings is tans (2016) steeds van krag.<sup>16</sup> Met die Welbedacht-dam (kyk Figuur 1) wat bykans toegeslik is, en droogtes wat die Vrystaat kort-kort teister, is die Mangaung-metropolitaanse munisipaliteit se waterprobleme geensins op 'n einde nie.

Bloemfontein se huidige waterprobleme, waar die stad in droogte nie altyd voldoende voorraad het om in sy eie gebruik te voorsien nie, is niks nuuts nie. Aangesien die Vrystaatse hoofstad nie aan 'n groot rivier geleë is nie, het dié stad kort ná sy stigting as militêre nedersetting in 1846 gereeld waterprobleme ondervind. Soos wat die nedersetting in 'n dorp ontwikkel het, het die waterbehoefte van die inwoners vanselfsprekend al hoe groter geword. Reeds in die 1880's is besef dat die bestaande waterbronne soos die fontein en Bloemspruit (kyk Figuur 3), asook enkele damme,<sup>17</sup> nie voldoende is om aan die groeiende waterbehoefte van die hoofstad van die “modelrepubliek” te voldoen nie.<sup>18</sup>

Om die Vrystaatse hoofstad se huidige waterprobleme te verstaan, moet 'n mens gaan kyk na die stad se geskiedenis van watersvoorsiening, asook die hidrologie en geohidrologie van die omgewing.<sup>19</sup> Die doel van hierdie artikel is om ondersoek in te stel na die watersvoorsiening in Bloemfontein tydens die 19de eeu, toe probleme met watersvoorsiening reeds ondervind is. Vrae wat aan die orde is, is onder meer die volgende: Watter invloed het die feit dat Bloemfontein nie aan 'n groot rivier geleë is nie, op die watersvoorsiening van die Vrystaatse hoofstad gehad?; Wat was die oorspronklike bronne wat gebruik kon word om die destydse dorp van water te voorsien?; Watter maatreëls is in plek gestel om die vinnig ontwikkelende hoofstad van voldoende water te voorsien?; Was bogenoemde maatreëls van die stadsraad en Vrystaatse regering doeltreffend?

---

14 'n Groot gedeelte van die aanvullende water van Bloemfontein is dus tans uit Lesotho – een van die belangrikste watergebiede vir sentraal-Suid-Afrika – afkomstig.

15 Anon., “Water uit Lesotho bereik Bfn”, *Bloemnuus*, 27 Augustus 2015, p. 2.

16 Anon., “Free Sate Province State of Dams on 2016-05-09” (beskikbaar by <https://www.dwaf.gov.za/hydrology/Weekly/ProvinceWeek.aspx?region=FS>, soos gelees op 16 Mei 2016).

17 Hierdie waterbronne word later in die artikel meer volledig bespreek.

18 VPAB, MBL7/1: Koerantknipsel: Redaksionele kommentaar oor watersvoorsiening, *The Friend*, 15 Januarie 1885; *The Friend*, 8 Mei 1889, p. 5.

19 Aangesien hierdie 'n historiese studie is, word daar net in 'n beperkte mate na die hidrologie en geohidrologie van die omgewing verwys.

Die bespreking wat volg, is onder meer gebaseer op navorsing uit argivale bronne, tydgenootlike koerante en 'n literatuurstudie. Omdat tydgenootlike koerante, soos *The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette*, *De Burger – Een Onafhankelĳk Oranje Vrijstaatsch Nieuwsblad* en *De Express en Oranjevrijstaatsche Advertentieblad*, asook sy daaglikse eweknie, die *Daily Express*, waardevolle inligting oor feitlik elke aspek van die lewe in die Vrystaatse hoofstad, die natuurlike omgewing en die dorp se infrastruktuur uit die tydperk bevat, is dit 'n belangrike primêre bron. Letterkundige bronne, soos dagboeke en herinneringe van oud-inwoners, is ook van waarde om die tydsgleuf waarin dit geskep is, te verhelder, terwyl elektroniese bronne aangaande die huidige watersvoorsiening en -situasie ook geraadpleeg is.

Ten einde die 19de eeu in perspektief te plaas, word die nodige historiese agtergrond ter aanvang kortliks verskaf.

### **Historiese agtergrond van Bloemfontein en die dorp se watersvoorsiening**

Die gebied tussen die Oranje- en die Vaalrivier, wat aanvanklik as die Transgariëp en later as die Transoranje bekend gestaan het,<sup>20</sup> was aan die begin van die 19de eeu die jagveld van groepies swerwende Boesmans.<sup>21</sup> Bloemfontein het sy ontstaan te danke aan toenemende geskille oor grondgebied van verskeie bevolkingsgroepe wat vroeg in die 19de eeu byna tegelykertyd begin het om die gebied binne te dring. Hierdie bevolkingsgroepe het onder meer ingesluit blanke trekboere uit die Kaapkolonie, die Barolong, die Griekwas<sup>22</sup> onder leiding van Adam Kok en die Basotho onder leiding van opperhoof Mosjwesjwe.<sup>23</sup>

Aangesien Brittanje die trekboere steeds as Britse onderdane beskou het, is kaptein (later majoor) Henry Douglas Warden aan die begin van 1846 as Britse resident in die Transoranje aangestel om die vrede tussen die

---

20 K Schoeman, *Bloemfontein. Die ontstaan van 'n stad 1846-1946* (Kaapstad, Human & Rousseau, 1980), p. 1; JF Midgley, "The Orange River Sovereignty (1848-1854)", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 12(2) (Parow, Die Staatsdrukker, 1949), p. 1.

21 LH Meurant, "Description of the Orange River Sovereignty in 1852", appendix, WJ St. John, *The Bloemfontein Diary of Lieut. WJ St. John, 1852-1853* (ed. K Schoeman) (Cape Town, Human & Rousseau, 1988), p. 103.

22 Die Griekwas was 'n groep mense wat deur bloedvermenging tussen Khoi en wit mense, sowel as Maleise en swart slawe aan die Kaap ontstaan het.

23 PJ van der Merwe, *Die noordwaartse beweging van die boere voor die Groot Trek* (Pretoria, Die Staatsbiblioteek, 1988), p. 249; HPN Muller, *Oude tyden in den Oranje-Vrystaat; naar HAL Hamelberg's nagelaten papieren beschreven* (Leiden, Brill, 1907), p. 3.

verskillende bevolkingsgroepe te bewaar.<sup>24</sup> Warden het opdrag ontvang om so gou moontlik 'n residensie<sup>25</sup> op 'n sentrale plek te vestig.<sup>26</sup> 'n Paar dae na sy ampsaanvaarding het die nuwe resident en 'n afdeling berede soldate langs die oewers van die Riet- en Kafferrivier<sup>27</sup> (kyk Figuur 1) begin soek na 'n moontlike plek vir 'n residensie. Warden kon spoedig 'n geskikte, sentrale plek vir sy hoofkwartier aanbeveel – 'n area geleë aan die Kafferrivier.<sup>28</sup>

'n Maand later het Warden ontdek dat die water in die Kafferrivier as gevolg van die langdurige droogte opgedroog het, waarna hy op 'n sterk, standhoudende fontein<sup>29</sup> tussen die Riet- en Modderrivier afgekom het. Die nuwe plek by die fontein was baie sentraal, met volop water en uit 'n militêre oogpunt goed geleë in 'n klein vallei omsluit deur heuwels.<sup>30</sup> In Maart 1846 het Warden hom met sy afdeling soldate, die Cape Mounted Riflemen,<sup>31</sup> op die plaas “Bloem Fontein”<sup>32</sup> van trekboer Johan Nicolaas Brits by bogenoemde fontein en 'n groot spruit<sup>33</sup> (kyk Figuur 3) gevestig. Warden het die plaas by Brits oorgeneem en hom net betaal vir die verbetering wat hy daar aangebring het.<sup>34</sup>

Toe Brits en later Warden hulle in die 19de eeu op die plaas “Bloem Fontein” kom vestig het, het die omgewing van die fontein en Bloemspruit heeltemal anders daar uitgesien as vandag. Noord vanwaar Brits se hartbeeshuisie<sup>35</sup> gestaan het, is 'n groep heuwels<sup>36</sup> waaruit 'n dolerietrantjie suidwaarts loop en dan ooswaarts draai, tot by die hoogte waarop Queens Fort<sup>37</sup> in 1849

---

24 PM Snyman, “Die grondslae van die historiese aardrykskunde...”, p. 114; K Schoeman, *Bloemfontein...*, p. 2.

25 'n Resident was 'n Britse amptenaar wat as verteenwoordiger van die Britse regering in 'n Britse protektoraat gedien het en 'n residensie was dan die resident se amptelike woonplek en hoofkwartier.

26 Kaapse Argiefbewaarplek (KAB), Kaapstad: Argief van die Britse regering, Vol. 10/1, Verwysing GH10/1: Brief, HD Warden (Britse resident) - B Maitland (Kaapse goewerneur), 2 Februarie 1846.

27 Historiese naam van dié rivier. Staan vandag as die Tierpoortrivier bekend.

28 KAB: GH10/1: Brief, HD Warden (Britse resident) - B Maitland (Kaapse goewerneur), 2 Februarie 1846.

29 Dit is die plek waar Bloemfontein later aangelê sou word. BJ Barnard, “Die stigting en stigter van Bloemfontein”, *Bloemfontein se eeufees 1846-1946, bylae tot Die Volksblad*, 22 Maart 1946, p. 22.

30 KAB: GH10/1: Brief, HD Warden (Britse resident) - B Maitland (Kaapse goewerneur), 23 Maart 1846.

31 Het ook as die Cape Corps bekend gestaan. Dié Kaapse Korps het oorwegend uit berede Khoi-troepe, onder wit offisiere, bestaan. K Schoeman, *Bloemfontein ...*, p. 6; PM Snyman, “Die grondslae van die historiese aardrykskunde...”, p. 118.

32 Warden se spelling van die plaasnaam. KAB, GH10/1: Brief, HD Warden (Britse resident) - B Maitland (Kaapse goewerneur), 28 Maart 1846. Dit was waarskynlik 'n beskrywende naam wat na die bodemgesteldheid verwys het, naamlik die blomme (wilde klawer) wat rondom die fontein gegroei het.

33 Dié spruit het later as Bloemspruit bekend geraak.

34 KAB, GH10/1: Brief, HD Warden (Britse resident) - B Maitland (Kaapse goewerneur), 23 Maart 1846; BJ Barnard, “'n Lewensbeskrywing van majoor Henry Douglas Warden” ..., p. 351.

35 Dit was op die terrein waar die Presidensie vandag staan.

36 Die grootste van hierdie heuwels staan as Seinheuwel bekend.

37 Queen's Fort is in 1849 deur Britse soldate opgerig, in opdrag van sir Harry Smith, toe hy die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier tot die Oranjerivier-Soewereiniteit verklaar het. Dié fort is vandag 'n militêre museum.

opgerig sou word. Wes van hierdie dolerietrantjie was 'n groot vlei, dig begroei met lang, digte gras, biesies en fluitjiesriet, waardeur verskeie spruite het geloop het. Reënwater het in die vlei opgedam. Die grootste twee spruite het hulle ontstaan in die omgewing van Brandkop en in die Tempeheuwels (kyk Figuur 2) in die noordweste gehad, waarna hulle bymekaar aangesluit en weer verdeel het om 'n aantal eilande te vorm.<sup>38</sup>

Figuur 2: Kaart van Bloemfontein en omgewing, wat die historiese waterbronne en heuwels van Bloemfontein aandui. Die skuins rooi reghoek in die middel van die kaart dui die sentrale stadsarea van Bloemfontein aan



Bron: Kaart geskep deur L Philip, Departement Argeologie, Nasionale Museum, Bloemfontein, deur gebruik te maak van die SPISYS geografiese elektroniese inligtingstelsel van die Departement van landelike ontwikkeling en grondhervorming, Republiek van Suid Afrika, <http://www.spisys.co.za/>.

38 VPAB, *The Friend*-versameling, verwysing A566/134: "Address to be given to 'Rotary' on 8 March 1957 by W Rhodes-Harrison", pp. 2; Argief vir Eietydse Aangeleenthede (AREA), Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, EN Roberts-versameling, verwysing PV522/2/1/3: EN Roberts, *History of the Bloem Fontein*, pp. 1-6.

Op een van hierdie eilande, in die omgewing waar die gedenksuil vandag in die gekanaliseerde Bloemspruit staan (kyk Figuur 5), het die sterk, standhoudende fontein waaraan Bloemfontein sy naam te danke het, deur 'n swak plek of kraak in die doleriet opgeborrel<sup>39</sup> (kyk Figuur 3).

Die dolerietrantjie het as 'n soort keer- of damwal gefunksioneer waardeur die vlei se water onder die oppervlakte opgedam het, maar na baie reën het water na die oppervlakte begin deursyfer en diep watergate het in die vlei ontstaan wat geleidelik 'n pad begin oopspool het om 'n spruit te vorm. Die spruit het dus vanuit die weste met kronkels en draaie ooswaarts deur die dorp geloop (vergelyk Figure 3 en 6) totdat dit die Renosterspruit en uiteindelik die Modderrivier oos van Bloemfontein bereik het.<sup>40</sup>

Warden het die bykans onmoontlike taak gehad om die vrede tussen al die verskillende bevolkingsgroepe in die Transoranje te bewaar. Ten einde die voortdurende probleme in die Transoranje te probeer oplos, annekseer sir Harry Smith, goewerneur van die Kaapkolonie, dié gebied in 1848 tot Britse gebied onder die naam Oranjerivier-Soewereiniteit.<sup>41</sup> Met Warden as toesighoudende oor die nedersetting het die bewoners van Bloemfontein aanvanklik hoofsaaklik uit Engelssprekendes bestaan.<sup>42</sup> Met die groei van dié nedersetting en die totstandkoming van sake-ondernemings, kerke en skole tussen 1850 en 1900, het ander blanke kultuurgroepe, soos Afrikaners, Nederlanders, Duitsers en Jode, ook algaande in Bloemfontein gevestig.<sup>43</sup> Die ontwikkeling van die dorp het ook swart en bruin mense gelok wat in Bloemfontein 'n blywende heenkome gesoek het.<sup>44</sup>

Nadat die Britse regering in 1853 besluit het om aan die Transoranje te onttrek, is die Bloemfontein-konvensie op 23 Februarie 1854 onderteken, ingevolge waarvan die gebied in 'n onafhanklike republiek, die "Oranje-Vrijstaat", met JP Hoffman as eerste staatspresident, omskep is. Bloemfontein het die hoofstad van die nuwe Boererepubliek geword.<sup>45</sup> Tussen 1864 en

39 AREA, EN Roberts-versameling, verwysing PV522/2/1/3: EN Roberts, *History of the Bloem Fontein*, pp. 1-6.

40 Bloemspruit is eers na die groot vloed van 1904 gekanaliseer en reguit gemaak.

41 VPAB, Bloemfontein: Argief van die hoë kommissaris, verwysing OSH13: Proclamation by his Excellency Lieutenant General Sir Henry George Wakelyn Smith, 8 March 1848; JH Malan, *Die opkoms van 'n republiek of die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat tot die jaar 1863* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1929), pp. 95-96.

42 VPAB: OSH13: Proclamation by his Excellency Lieutenant General Sir Henry George Wakelyn Smith, 8 March 1848; JH Malan, *Die opkoms van 'n republiek ...*, pp. 95-96.

43 AC Groenewald, *Die sosiale lewensomstandighede in Bloemfontein, 1896-1899* (M.A., UOVS, 1989), p. 1; AR Badenhorst, "Aspekte van die sosiale lewe in Bloemfontein, 1864-1871", *Memoirs van die Nasionale Museum*, 12 April 1979, pp. 7-8.

44 K Schoeman, *Bloemfontein...*, p. 10.

45 Anon., "The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette", 3 Junie 1854, p. 1.

1888, onder leiding van president JH Brand, het die Vrystaat en dus ook Bloemfontein op feitlik elke gebied ongekende opbloei en vooruitgang beleef en die Oranje-Vrystaat het tot 'n "modelrepubliek" ontwikkel.<sup>46</sup> In 1880 het Bloemfontein 'n inwonertal van 2 567 bereik en volle munisipale status verkry.<sup>47</sup> Ten spyte van periodieke droogtes, was watervoorsiening in die vorm van fonteine, Bloemspruit, waterputte, boorgate, reënwaterdenks en die dorpsdam (kyk figure 6 en 7) sedert Bloemfontein se stigting tot in die vroeë 1880's voldoende om aan die inwoners se behoeftes te voldoen.

Brand is in Desember 1888 deur FW Reitz as staatspresident opgevolg.<sup>48</sup> Tydens Reitz se ampstydperk het die eerste spoorlyn vanaf Kaapstad Bloemfontein in Desember 1890 bereik, wat die handel en ontwikkeling van die Vrystaatse hoofstad grootliks bevorder het. Reitz is in 1896 deur MT Steyn as Vrystaatse president opgevolg, tot en met die einde van die Anglo-Boereoorlog/Suid-Afrikaanse oorlog in Mei 1902.<sup>49</sup>

Bloemfontein het dus in die bestek van 45 jaar ontwikkel van 'n onbeduidende militêre nedersetting in 1846 tot 'n waardige, welvarende hoofstad van die republiek Oranje-Vrystaat in die 1890's. Gedurende hierdie tydperk het Bloemfontein vinnig gegroei en die gemeenskap het 'n aantal vërreikende veranderinge beleef. Dié dorp<sup>50</sup> was die middelpunt van alle politieke en ekonomiese gebeure in die Vrystaat en ook die hoofsentrum van die Vrystaatse regering, handel, regstelsel en onderwys. Die ontdekking van diamante en goud in Suid-Afrika tussen 1860 en 1890 het nuwe markte geskep wat Bloemfontein se ontwikkeling en handel bevorder het, en die beter vervoergeriewe wat die koms van die spoorlyn na Bloemfontein in Desember 1890 meegebring het, het verdere stimulus aan die ontwikkeling van die hoofstad verleen. Die spoorverbinding het Bloemfontein se vroeë isolasie verbreek en tot groter kontak met ander Vrystaatse dorpe, die res van Suid-Afrika en selfs die buiteland gelei. Die toenemende werksgeleenthede wat die spoorweg en die ontwikkeling van die hoofstad gebied het, het die getal inwoners laat vermeerder en gevolglik het die behoefte na meer water

---

46 MCE van Schoor, "OVS presidente het luister aan die modelrepubliek verleen", *Die republikeinse byvoegsel tot Die Volksblad*, Februarie 1954, p. 37.

47 PM Snyman, "Die grondslae van die historiese aardrykskunde...", pp. 155-200.

48 *The Friend*, 9 Januarie 1889, p. 3; K Schoeman, *Bloemfontein...*, p. 109.

49 MCE van Schoor, *Marthinus Theunis Steyn: Regsman, staatsman en volksman* (Pretoria, Protea Boekhuis, 2009), pp. 56-57, 282-283.

50 AREA, PV522/21/3/: EN Roberts, *History of the Bloem Fontein*, p. 19. Bloemfontein was in die 19de eeu nie veel meer as 'n groot dorp nie en het eers in 1945 stadstatus gekry.

en meer doeltreffende watersvoorsiening dienooreenkomstig toegeneem.<sup>51</sup>

Vervolgens word die wyses waarop daar in die inwoners se waterbehoefte voorsien is, in meer detail bespreek.

### **Fontein en watervore, die oorspronklike wyse van watersvoorsiening**

Hoewel Bloemfontein sy naam van die standhoudende fontein,<sup>52</sup> (kyk Figure 3-6) waar majoor Warden sy residensie in 1846 opgerig het, verkry het, was dit nie die enigste fontein in die omgewing nie. Daar was nog 'n fontein naby die residensie, die "Park Springs",<sup>53</sup> en 'n derde een aan die suidoostekant van die dorp by die latere swart woonbuurt Kafferfontein.<sup>54</sup> Inwoners het water uit al hierdie fonteine gebruik.<sup>55</sup>

Die oorspronklike plaaseienaar, JN Brits, het 'n watervoor van die "Bloem Fontein" en spruit<sup>56</sup> (kyk Figuur 3) af na sy tuin gegrawe om water daarheen te lei. Met die koms van Warden en sy garnisoen het Brits gehelp om die leivoor ooswaarts te verleng na die militêre kamp onder die latere Fortheuwel. Die watervoor het dus deur die tuin van die latere Presidensie en die watererwe naby die spruit geloop. Deur 'n grondwal ongeveer 330 voet (100 meter) stroomaf van die fontein in die spruit te bou, is 'n klein reservoir, bekend as "Major Warden's dam", gevorm waaruit water via die watervoor ooswaarts gelei kon word. In tye wanneer water volop was, is eienaars van watererwe naby die spruit toegelaat om hulle tuine volgens vasgestelde beurte met fonteinwater via die watervoor nat te lei.<sup>57</sup>

---

51 MCE van Schoor, "Die Oranje-Vrystaat", CFJ Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Pretoria, Academica, 1975), p. 247; L Philip, *Phase 1 impact assessment of the dormant Jagersfontein mine (Free State) in terms of archaeological and other heritage sites* (Unpublished report, National Museum, Bloemfontein, 31 March 2009), p. 4.

52 Hierdie fontein (die oorspronklike "Bloem Fontein") is ongeveer 300 meter suidoos van die huidige Presidensie Museum geleë.

53 Die "Park Springs" was waar die latere Victoriapark aangelê is. PM Snyman, "Die grondslae van die historiese aardrykskunde...", p. 173. Die parkfontein het geleidelik al hoe minder water gelewer en in droogtetye blykbaar heeltemal ophou vloei. VPAB, Munisipaliteit, Bloemfontein, verwysing MBL7/1: koerantknipsel: Brief van MB Inst. CE, ca. 1885.

54 Historiese naam van dié woonbuurt. Kafferfontein was suidoos van die destydse dorp geleë.

55 VPAB, MBL7/1: koerantknipsel: Brief van MB Inst. CE, ca. 1885.; MJ Boon, *The history of the Orange Free State* (London, W Reeves, 1885), p. 199; PM Snyman, "Die grondslae van die historiese aardrykskunde ...", p. 173. Sommige van Boon se inskrywings moet in ander bronne geverifieer word, want hy was baie hatig op die Vrystaat. Bostaande feite kon wel geverifieer word.

56 Sedert die stigting van Bloemfontein is daar meestal slegs van die spruit gepraat. Hoewel die naam Bloemspruit reeds teen 1891 soms gebruik is, het dié naam eers in die 20ste eeu ingeburger geraak.

57 M Bidwell en CH Bidwell. *Pen pictures of the past* (ed. K Schoeman), Vrijstatia-series nr. 5 (Cape Town, Human & Rousseau, 1986), p. 53; K Schoeman, *Bloemfontein...*, p. 3.

Figuur 3: Straatplan van Bloemfontein na aanleiding van J Hopkins se plan in 1850. Links voor op die plan verskyn die Residensie-erf met Bloemspruit wat deur die tuin en dan verder deur die nedersetting kronkel. Let op die fontein en die watervoor, asook die koppies of rantjies heel links



Bron: Oorgeneem en aangepas van die oorspronklike plan van J Hopkins, 1850, Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek, VPAB 3/31.

Die eens digte plantegroei van die vlei rondom die “Bloem Fontein” en die spruit in die 1840’s en 1850’s is geleidelik deur gebruik van mense en oorbeweidings deur hulle vee beskadig en sote is in die grond uitgespoel. Teen die 1880’s het die vroeëre waterryke vlei, wat die spruit en fontein gevoed het, al hoe droër geword en kon nie meer water absorbeer nie omdat reënwater weggespoel het. Die fontein het dus al hoe swakker begin vloei.<sup>58</sup>

In die 1890’s is Brits se ou watervoor in die Presidensie-tuin (kyk Figuur 3) met klippe uitgeplavei en vroeg in 1891 is ingevoerde ysterpype in die watervoor gelê om fonteinwater na die watererwe in St. Georgestraat en Douglasstraat te lei.<sup>59</sup> Krane is hier en daar in die pypleiding aangelê en fonteinwater is dus ook vanaf die krane na die huise aangedra.<sup>60</sup> Ernest Noël

58 *The Friend*, 17 April 1889, p. 6.

59 VPAB, *The Friend*-versameling, verwysing A566/134: “Address to be given to ‘Rotary’ on 8 March 1957 by W Rhodes-Harrison”, p. 4; *Daily Express*, 9 Oktober 1890, p. 2 en 13 November 1890, p. 3. Vergelyk ook AREA, PV522/21/3/: EN Roberts, *History of the Bloem Fontein*, pp. 6-8, 10-11; *The Friend*, 12 Maart 1890, p. 3 en 10, Oktober 1890, p. 4.

60 PM Snyman, “Die grondslae van die historiese aardrykskunde...”, p. 170.

Roberts,<sup>61</sup> ’n bekende inwoner en akademikus van Bloemfontein, skryf in sy herinneringe:<sup>62</sup>

This is as we children knew Bloemfontein: – The perpetual noisy gathering of native servants at the water taps and in the streets; maids with balanced buckets of water on their heads and boys with characteristic bent kneed [sic], swinging gate with two filled buckets suspended by wire or chains with hooks from the ends of a shoulder bar... Water carrying was then a feature of town life. Alternatively little barrels were trundled or drawn like rollers back and forth for the day’s supply of water.

Figuur 4: Mevrou Kitty Papenfus (in swart geklee), dogter van president Brand, dui aan waar die oorspronklike “Bloem Fontein” was, net onderkant Victoriapark, ca 1930



Bron: Foto, Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek.

Aangesien die fontein reeds teen 1864 deur menslike gebruik besoedel is, is in hierdie jaar besluit om ’n geboutjie oor die natuurlike fontein op te rig om dit te beskerm. Water is uit ’n opening aan die basis van die struktuur

61 EN Roberts (1886-1969) het ’n doktorsgraad in Genetika behaal.

62 AREA, PV522/21/3/: EN Roberts, *History of the Bloem Fontein*, p. 18.

uitgelaat. Teen 1880 is die fontein omhein en 'n oop sementtenk is in die spruitbed langs die fontein aangebring en met fonteinwater gevul. Inwoners en bediendes kon uit die sementtenk water vir huishoudelike gebruik skep.<sup>63</sup> In 1891 is 'n beroep op die Bloemfonteinse stadsraad gedoen om die pad na en rondom die fontein met klippe te plavei omdat die grond rondom die fontein dikwels baie glad en 'n modderige pappery was,<sup>64</sup> waarskynlik omdat inwoners gereeld gemors het wanneer water geskep is. In 1971 is 'n gedenksuil in die geplaveide Bloemspruit in die omgewing van die oorspronklike "Bloem fontein" opgerig<sup>65</sup> (kyk Figuur 5).

Figuur 5: Die gedenksuil in die geplaveide Bloemspruit, opgerig in die omgewing van die oorspronklike "Bloem Fontein", 1971



Bron: Foto, Nasionale Museum-versameling.

63 G Baumann, "Recollections. Personal reminiscences of the Orange Free State. Village of Bloemfontein", *The Friend*, 10 November 1911, p. 4; J Wood, "Some reminiscences of old Bloemfontein", *The Friend*, 16 Februarie 1946, p. 5.


64 *The Friend*, 8 September 1891, p. 3.

65 MCE van Schoor en JJ Oberholster, "Die fontein van Bloemfontein: voorstelle vir 'n monument", *Historia* 5(3), September 1960, pp. 169-178.

## Bloemspruit in tye van eb en vloed

Bloemspruit wat deur Bloemfontein gekronkel<sup>66</sup> en die destydse dorp in twee gedeeltes (kyk Figure 3 en 6), is vandag nog net so 'n kenmerkende deel van die Vrystaatse hoofstad soos die fontein vanwaar die dorp sy naam verkry het. Reeds in 1891 is daar van “the Bloemspruit” melding gemaak.<sup>67</sup>

Figuur 6: Detail van 'n kaart deur JJ Herfst van die sentrale dorpsgebied van Bloemfontein met die kronkelende Bloemspruit en die dorpsdam, voor heel links, 1896



Bron: Kaart, Nasionale Museum, GD1255.

In die omgewing van die huidige Alexandrastraat was daar ook 'n kleiner spruitjie, wat naby die stasie by die Bloemspruit aangesluit het. Volgens herinneringe van oud-inwoners het die omgewing van Bloemspruit voor die groot vloed van 1904 'n skilderagtige voorkoms gehad, met aangeplante wilgerbome op die oewers van die spruit. Aanvanklik was daar ook houtbrûe

<sup>66</sup> Na die hewige reën en groot vloed van 1904, waartydens Bloemspruit sy walle ver oorstroom het, 'n aantal inwoners omgekam en heelwat geboue en brûe beskadig is, is Bloemspruit gekanaliseer, reguit gemaak en met sement uitgeplavei om verdere skade en lewensverlies weens oorstromings te probeer voorkom.

<sup>67</sup> *The Friend*, 20 November 1891, p. 2.

met handrelings oor die spruit gespan.<sup>68</sup> Gras het op die walle en in die bedding van die spruit gegroei.<sup>69</sup> Ander inwonerherinneringe rapporteer egter dat die spruit se water dikwels vuil was omdat seuns in die spruit geswem en inwoners sonder skroom vullis daarin gegooi het. Aanvanklik is die klere van bewoners ook deur swart vroue as huishulpe in poele van die spruit gewas. Dooie en verrottende diere (veral honde en katte) het soms weke lank in die spruit gelê.<sup>70</sup> Klagtes oor die vuil en onhigiëniese toestand van die Bloemspruit is sporadies oor gerapporteer. In 1892 is selfs vermeld dat varke in die stinkende water van die spruit rondvrotel en dit verder besoedel. Dit is dus geen wonder dat koerante inwoners aangeraai het om liever water afkomstig van die spruit te kook voordat hulle dit drink. 'n Hewige reënbui het darem so nou en dan die spruit weer 'skoon' gespoel.<sup>71</sup>

Omdat die vleigebied rondom die fontein en spruit weens oorbenuiting en oorbeweidings beskadig is, het reënwater dikwels na die spruit afgespoel. Gevolglik het die Bloemspruit sporadies sterk afgekom en oorstromings veroorsaak. Wanneer die spruit sy oewers oorstrom en die stormwater die houtbrûe weggespoel het, soos in 1874 en 1891, was mense en rytuie soms aan een kant van die spruit gestrand en heelwat skade is aangerig.<sup>72</sup> Rytuie en diere wat dit op die brûe of naby die spruit gewaag het terwyl dit in vloed was, is ook soms weggespoel.<sup>73</sup>

In droogtetye was die voorkoms van die spruit bedrieglik, omdat dit dikwels net 'n dun stroompie water was of die spruitbedding selfs heeltemal droog was. Omdat die laaste groot vloed in 1874 was, het inwoners en veral nuwe intrekkers nie altyd besef hoe gevaarlik die spruit kon wees wanneer dit in vloed is nie. Veral namate die dorp uitgebrei het, het van die inwoners rondom Bloemspruit begin om hulle huise en besighede al hoe nader aan die spruit te bou, ten einde alle moontlike grond te benut.<sup>74</sup>

68 Die houtbrûe is in die 1890's met klip-en ysterbrûe vervang.

69 H Schuur, "Quiet, peaceful days when one could dream", *The Friend*, 19 Februarie 1954, p. 14; M Bidwell en CH Bidwell, *Pen pictures...*, p. 53.

70 Openbare Biblioteek, Bloemfontein (OBB), 9/78/4155: Talk by Mrs Sophie Levisur, p. 14; *The Friend*, 22 Januarie 1890, p. 3, 27 Oktober, 1891, p. 3 en 15 Januarie 1892, p. 2. Vergelyk ook S Levisur, *Memories*, p. 28.

71 Anon., "Walks about Bloemfontein, IV – The dam", *De Express*, 10 Augustus 1882, p. 3; *The Friend*, 11 September 1889, p. 3; 17 November 1891, p. 3; 15 Januarie 1892, p. 2; 13 Desember 1895, p. 2.

72 AREA, PV522/21/3/: EN Roberts, *The Bloemfontein*, pp. 21-22; *The Friend*, 20 November 1891, p. 2.

73 VPAB, Amptelike publikasies, verwysing OR56: *Burgemeestersverslag, 1891-1892*, pp. 2, 4; *The Friend*, 3 Februarie 1891, p. 3.

74 *The Friend*, 20 November 1891, pp. 2-3.

In November 1891 het 'n hewige reënstorm<sup>75</sup> Bloemfontein getref. Binne 'n uur is 3½ duim (89 mm) in die hoofstad gemeet en oorstromings het gevolg. Huise, besighede en ander eiendom, asook tuine, voorrade, meubels, klere en ander besittings, het weggespoel of is erg beskadig. Al drie houtbrûe oor die spruit, asook rytuie, is weggespoel, terwyl vee, pluimvee en huisdiere deur die vloedwater meegesleur is. Blykbaar is geen menseleuens deur die vloed geëis nie, hoewel 'n aantal inwoners naelskraap aan verdrinking ontkom het. Volgens 'n bekende siviele ingenieur van die tyd, ene maj Robertson, het die feit dat inwoners so naby aan die spruit gebou het en dat mure op sommige plekke tot in die spruitbedding gestrek het, hindernisse in die pad van die vloedwater geplaas, sodat water plek-plek opgedam en die spruit se oewers oorspoel het.<sup>76</sup>

Ná die 1891-vloed is die spruit breër en dieper gemaak en dele is met klip geplavei en reguit gemaak om toekomstige skade deur vloedwater te probeer voorkom.<sup>77</sup> Om te verhoed dat inwoners weer te naby aan die spruit bou of tuinmaak, is dele van private eiendom naby die spruit onteien. Die spruit is deeglik skoongemaak en omhein, terwyl die walle van die spruit met klippe opgebou is.<sup>78</sup>

Selfs wanneer Bloemspruit nie in vloed was nie, het tragedies soms gebeur, veral omdat kinders dikwels in die spruit gespeel het. In 1889 is byvoorbeeld gerapporteer dat 'n swart seuntjie amper in die spruit verdrink het. In 1892 is gemeld dat 'n dogtertjie byna verdrink het toe sy in 'n diep gat vol water in die spruitbedding geval het. In 1895 het 'n vrou op pad na 'n byeenkoms haar ewewig verloor en in die spruit geval. Sy het 12 voet (3,6 meter) vêr geval en skok en ernstige kneusplekke opgedoen.<sup>79</sup>

## **Waterputte en boorgate as oases in tye van oorvloed**

Verskeie openbare en private waterputte in Bloemfontein was in die 19de eeu in gebruik. Tydens fases van baie min reën het sommige van die putte heeltemal opgedroog of was leeg getap.<sup>80</sup> Sedert 1846 is water met behulp

75 Dit was waarskynlik 'n wolkbreuk en een van die ergste reënstorms wat die hoofstad sedert sy ontstaan in 1846 getref het.

76 *The Friend*, 20 November 1891, pp. 2-3.

77 VPAB, OR56: *Burgemeestersverslag, 1891-1892*, pp. 2, 4; *Mayor's minute, 1892-1893*, pp. 2-3. Vergelyk ook *The Friend*, 8 April 1892, p. 3, 20 Mei 1892, p. 3, 19 Augustus 1892, p. 2 en 4 November 1892, p. 3.

78 *The Friend*, 26 Februarie 1892, pp. 2-3; 8 April 1892, p. 3; 4 November 1892, p. 3; 8 November 1892, p. 2.

79 *The Friend*, 6 Februarie 1889, p. 3; 9 Februarie 1892, p. 2; 19 Julie 1895, p. 4; 26 Julie 1895, p. 3.

80 VPAB, MBL7/1: Koerantknipsel: Redaksionele kommentaar oor watervoorsiening, *The Friend*, 15 Januarie 1885; H Schuur, "Those were the days in 'old Bloemfontein'", *The Friend*, 18 Februarie 1954, p. 7.

van emmers en 'n windas uit openbare putte verkry, maar teen die 1890's was die meeste openbare putte reeds van meer gesofistikeerde ysterpompe<sup>81</sup> voorsien. By die waterput op die ontspanningsterrein<sup>82</sup> is selfs 'n windpomp aangebring, maar dit was blykbaar nie baie suksesvol nie.<sup>83</sup> Swart werkers en bediendes het daaglik water met emmers by die fontein of by openbare putte gaan haal en in 'n groot houtvat met koperhoepels, wat gewoonlik in elke blanke huis op 'n bankie gestaan het, gegooi. Water vir huishoudelike gebruik is dan in die watervat gestoor.<sup>84</sup>

Openbare waterputte is onder meer op Baumannplein, op Markplein,<sup>85</sup> op die sport- of ontspanningsterrein, aan die oostelike kant van St Georgestraat oorkant die ou tronk, op die hoek van St Georgestraat en Monumentweg,<sup>86</sup> voor die presidentswoning en in Gordonstraat aangetref. Die put op Markplein het blykbaar nooit opgedroog nie. Inwoners kon ook gaan water haal by openbare putte aan die bopunt van Maitlandstraat,<sup>87</sup> sowel as op die hoek van President Brand- en St. Johnstraat.<sup>88</sup> In die 1890's is verdere putte op die suidoostelike hoek van Wardenplein en by die stadhuis in Maitlandstraat gegrawe, terwyl swart en bruin mense hulle eie put in Waaihoek<sup>89</sup> gehad het.<sup>90</sup> Die openbare putte is met klippe uitgeplavei en met houtdeksels en plaatyster bedek om dit teen besoedeling te beskerm.<sup>91</sup>

Plek-plek is ook van boorgate gebruik gemaak om die watervoorraad aan te vul. Aangesien water vir diere op die gemeenskapsgrond baie skaars geword het, is daar byvoorbeeld in 1893 en weer in 1895 gate in die dorpsgrond geboor waar wel water naby "The Park"<sup>92</sup> gevind is. Die spoorweë het in 1895 toestemming verkry om waterpype van die boorgat by die nuwe tronk aan die

---

81 Dit was waarskynlik handpompe.

82 Die latere Ramblersklub.

83 *The Friend*, 27 November 1889, p. 4; 2 September 1895, p. 3.

84 OBB, 9/78/4155: Talk by Mrs Sophie Levisseur, p. 14; VPAB, MBL3/1/2: *Mayor's minute year ending 31 August, 1889*, p. 4.

85 Die latere Hoffmanplein.

86 Later Kerkstraat.

87 Staan vandag as Charlotte Maxekestraat bekend.

88 *The Friend*, 2 Oktober 1889, p. 5; 25 Maart 1891, p. 3; 26 Mei 1891, p. 2; 30 Junie 1891, p. 3; 26 Februarie 1892, p. 4; 11 Oktober 1892, p. 2. St. Johnstraat is later herdoop tot Voortrekkerstraat en is vandag Nelson Mandelarylaan.

89 Een van Bloemfontein se eerste swart woonbuurte, wat geleë was aan die suidoostekant van die destydse dorp.

90 G Baumann, "Recollections...", *The Friend*, 10 November 1911, p. 4; K Schoeman, *Bloemfontein...*, pp. 118-119.

91 VPAB, MBL7/1: Koerantknipsel, redaksionele kommentaar oor watervoorsiening, *The Friend*, 15 Januarie 1885, 22 September 1891, p. 1; 11 Oktober 1892, p. 2.

92 Hierdie park was tussen die Presidensie en die dorpsdam aan die suidwestelike kant van die destydse dorp geleë en het later as Victoriapark bekend geraak. Nog later is dit in 'n woonwapark omskep en tans huisves die terrein 'n aantal studentewoonstelle.

Dewetsdorppad na die spoorweg aan te lê.<sup>93</sup> Inwoners van die Spoorwegkamp<sup>94</sup> het nie nodig gehad om water te gaan haal nie – ’n stoomenjin wat 24 uur per dag geloop het, was aan die waterpomp op Wardenplein gekoppel, wat water deur middel van pype tot by hulle huise gepomp het.<sup>95</sup>

Teen 1890 was daar 32 private waterputte in Bloemfontein – daar was selfs ’n put in een van die kamers van die Transvaal-hotel. Greenhill-kloosterskool, op die rantjie agter St. Georgestraat, het sy eie put gehad, terwyl ander skole, soos Grey-kollege in St. Georgestraat, deur ’n pypleiding van water voorsien is.<sup>96</sup> Een van Bloemfontein se bekendste inwoners, die sakeman Gustav Fichardt, het ’n private put in die tuin agter sy huis gehad. Hy het inwoners toegelaat om water uit sy put te kom haal, mits hulle aan hom een emmer water gee vir elke twee emmers water wat hulle vir hulleself uit die put gehaal het.<sup>97</sup>

### Huishoudelike en openbare reënwater-tenks

Heelwat van Bloemfontein se huise het reënwater-tenks vir huishoudelike gebruik gehad,<sup>98</sup> maar dit is gewoonlik nie vir drinkwater gebruik nie. Inwoners is gereeld gewaarsku teen die drink van water uit reënwater-tenks omdat dié water nie skoon was nie. Dikwels is selfs dooie sprinkane en ander insekte in die tenks aangetref.<sup>99</sup> Daar is melding gemaak van ’n huis in St Johnstraat wat ’n ondergrondse tenk gehad het, terwyl daar in die omgewing van die nuwe gevangenis naby Waaihoek ’n openbare watertenk was.<sup>100</sup> Daar was ook ’n sogenaamde goewermentstenk in St. Georgestraat naby die ou tronk. In Augustus 1892 het die stadsraad die regering versoek om dié tenk na die munisipaliteit oor te dra sodat hulle die waterkarre, waarmee die stofstrate natgespuit is, hieruit kon volmaak.<sup>101</sup>

93 *De Burger*, 27 Februarie 1895, p. 2; *The Friend*, 13 Junie 1893, p. 3; 26 Februarie 1895, p. 3; 16 Augustus 1895, p. 2; 6 September 1895, p. 2.

94 Die Spoorwegkamp, waar die werknemers van die spoorweë gewoon het, was aan die oostekant van Bloemfontein naby die spoorwegstasie geleë en staan vandag as die woonbuurt Hilton bekend.

95 VPAB, A199: Fred Shaw-versameling, pp. 17-18.

96 *The Friend*, 30 Oktober 1894, p. 2; 22 Maart 1895, p. 2; H Schuur, “Those were the days...”, *The Friend*, 18 Februarie 1954, p. 7.

97 CJ Carroll, “Bloemfontein in bygone days”, *The Friend*, 5 April 1927, p. 8; M Bidwell en CH Bidwell, *Pen pictures...*, p. 28.

98 AREA, PV522/2/1/3: EN Roberts, “History bits. Social life in pre-Boer War Bloemfontein”, p. 1.

99 *The Friend*, 25 Maart 1892, p. 2; 5 April 1892, p. 3; 26 April 1892, p. 3; J Wood, “Some reminiscences of old Bloemfontein”, *The Friend*, 16 Februarie 1946, p. 5.

100 *Daily Express*, 18 Oktober 1890, p. 3; *The Friend*, 8 Julie 1892, p. 3.

101 *The Friend*, 19 Augustus 1892, p. 3; 16 September 1892, p. 3. Bloemfontein het in die 1890’s nog nie teerstrate gehad nie.

## Opgaardamme as bykomende watersvoorsiening

Behalwe majoor Warden se klein dammetjie onderkant die fontein, is daar in ongeveer 1856 met behulp van bandiete ook 'n dam bokant die fontein gebou, blykbaar waar die twee spruite uit die weste saamgevloei het (kyk Figuur 3). Hierdie dam is die “Upper Dam” of “Park Dam” genoem, omdat die vleggebied effe hoogdrawend “The Park” genoem is.<sup>102</sup>

As gevolg van die bevolkingstoename<sup>103</sup> is daar reeds in 1862 'n tekort aan drinkwater in Bloemfontein ondervind, veral vir die inwoners se vee. Om hierdie rede is daar in ongeveer 1866 'n groot opgaardam in die gebied suidwes van die Presidensie gebou (kyk Figure 6 en 7), wat vandag beslaan word deur 'n gedeelte van die Sentrale Universiteit van Tegnologie, die Parkweg-polisiekantoor en 'n gedeelte van die huidige Parkweg en Eerstelaan.<sup>104</sup> Hier het die Bloemfonteinse mans en seuns gewem, visgevang en inwoners hulle vee water gegee, terwyl daar ook roeiboortjies op die dam was.<sup>105</sup> In dié dam het selfs 'n aantal inwoners verdrink.<sup>106</sup>

Figuur 7: 'n Foto van Bloemfontein in 1890, geneem vanaf Seinheuwel na die suide, met die dorpsdam sigbaar heel regs op die agtergrond. Die straat wat heel links sigbaar is, is President Brandstraat. Die groot gebou regs aan die einde van die straat is die Presidensie, met die dorpsdam wes daarvan



Bron: Foto: Nasionale Museum-versameling.

102 K Schoeman, *Bloemfontein...*, p. 49.

103 Teen 1850 het Bloemfontein ongeveer 300 wit inwoners gehad, wat vroeg in die 1870's reeds na nagenoeg 1000 vermeerder het. K Schoeman, *Bloemfontein...*, pp. 12 en 69. In daardie vroeë jare is sensusopnames nie gedoen nie en daar kon nie vasgestel word hoeveel swart en bruin inwoners Bloemfontein in hierdie tydperk gehad het nie, maar dis wel bekend dat hulle minder as die blankes was. PM Snyman, “Die grondslae van die historiese aardrykskunde...”, p. 158.

104 J Haasbroek, “Die swembadgeskiedenis van Bloemfontein”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 21(1), Junie 2007, p. 59; MCE Van Schoor en JJ Oberholster, “Die fontein van Bloemfontein...”, *Historia* 5(3), September 1960, p. 172.

105 *The Friend*, 29 November 1892, p. 2; Anon., “Walks about Bloemfontein IV – The dam”, *De Express*, 10 Augustus 1882, p. 3.

106 AREA, PV522/2/1/1: EN Roberts, “History bits. Changes I have myself seen in Bloemfontein”, p. 1; H Schuur, “Those were the days” *The Friend*, 18 Februarie 1954, p. 7.

Aanvanklik het die dam agter die Presidensie blykbaar 'n hoefystervormige damwal gehad, maar dis later meer reguit gemaak en versterk omdat gevrees is dat die damwal mag breek wanneer Bloemspruit in vloed is.<sup>107</sup> Die damwal is verskeie kere verhoog om meer water te hou. In erge droogtetye het die dam se water feitlik opgedroog. Met die droogte van 1892 was daar só min water in die dam dat die hoofstad se seuns groot babers uit die modder op die bodem gehaal en met kieries doodgeslaan het.<sup>108</sup> In 1889 skryf die burgemeester dat die dam agter die Presidensie só toegeslik het dat dit baie min water behou. Hy beveel aan dat verskeie damme op die dorpsgrond gebou moes word en vermeld ook dat die dam by Spitskop<sup>109</sup> (kyk Figuur 2) 'n groot sukses is, veral omdat dit in 'n goeie weidingsgebied geleë is.<sup>110</sup>

Volgens 'n ou inwoner, CJ Carroll, was daar ook 'n dam aan die oostekant van Bloemfontein in die omgewing van Oos-Burgerstraat (kyk Figuur 3) wat omring was deur wilde wilgerbome. Dié dam, wat van plat klippe gebou was, met trappies aan die een kant, was ongeveer 12 voet (3,6 meter) diep met 'n oppervlakte van ongeveer 40 voet (12 meter) by 60 voet (18 meter).<sup>111</sup>

Klaarblyklik was daar reeds voor 1872 'n dam op 'n gedeelte van die dorpsgrond wat aan die plaas Rustfontein (kyk Figuur 2) van AD Voigt noord van die destydse dorp gegrens het. Volgens *The Friend* het Voigt in 1872 met die stadsraad 'n kontrak gesluit waarvolgens hy die stuk dorpsgrond aangrensend aan sy plaas, wat onder meer die dam ingesluit het, vir 'n tydperk van 21 jaar gehuur het. In 1890 het die stadsraad ingestem om die stuk grond aan hom te verkoop. Die stadsraad het belowe om 'n nuwe dam op die dorpsgrond te bou in die plek van dié dam.

In 1891 en 1892 is twee nuwe munisipale damme op die gemeenskapsgrond gebou wat veral Bloemfontein se vee van drinkwater voorsien het.<sup>112</sup> Die een dam was op die dorpsgrond suidwes van die dorp, naby Brandkop, en die ander een aan die noordwestekant van Bloemfontein, naby die plaas Rustfontein, (kyk Figuur 2) deel van Douglas Valley.<sup>113</sup> Swart mense is verbied om in die Brandkop-dam te swem. Teen die einde van 1892 is die Brandkop-dam met klip uitgevoer en 'n gedeelte van die damwal versterk.<sup>114</sup> Die nuwe munisipale

107 Anon., "Walks about Bloemfontein IV – The dam", *De Express*, 10 Augustus 1882, p. 3.

108 VPAB, MBL7/1: Koerantknipsel: Brief van MB Inst. C.E., ca. 1885; *The Friend*, 29 November 1892, pp. 2-3.

109 Spitskop was 'n entjie wes van die destydse dorp af, waar die woonbuurt Langenhovenpark vandag is.

110 VPAB, MBL3/1/2: Mayor's minute year ending 31 August, 1889, p. 4.

111 CJ Carroll, "Bloemfontein in bygone days", *The Friend*, 5 April 1927, p. 8.

112 *De Express*, 23 September 1890, p. 4; *The Friend*, 9 Julie 1890, p. 3; 13 Augustus 1890, p. 3 en 4; September 1891, p. 3.

113 VPAB, MBL3/1/3: *Mayor's minute, 1891-1892*, p. 4; *The Friend*, 9 Junie 1890, p. 3; 26 September 1890, p. 4; 4 September 1891, p. 3; 29 Januarie 1892, p. 7.

114 VPAB, OR56: *Burgemeestersverslag, 1891-1892*, p. 4; *The Friend*, 18 Maart 1892, p. 1; 11 Oktober 1892, p. 2.

damme by Brandkop en Rustfontein, wat teen die einde van 1891 voltooi is, is ook as swemplek deur Bloemfontein se mans en seuns gebruik. Munisipale regulasies het bepaal dat net wit mense die dam by Brandkop as swemplek mag gebruik en dat die was van wasgoed of perde in dié dam verbode was.<sup>115</sup>

Eienaars van die watererwe het dikwels ’n soort dammetjie gehad om fonteinwater wat deur middel van die watervoor deur hulle erwe geloop het, op te vang en te stoor. Op die terrein van die Presidensie is daar ’n klein vierkantige dam of reservoir (kyk Figuur 8) wat blykbaar ook as swembad gebruik is en waarin die president se kinders kon swem. Die Presidensie se reservoir en “swembad” was ’n klein, bogrondse, vierkantige opgaardam van klip en sement met ’n verdeling in die middel sodat mans en seuns die een kant en vrouens en dogters die ander kant kon benut.<sup>116</sup> Hierdie struktuur staan vandag nog op die terrein van die Presidensie-museum.

Figuur 8: Mnr. GJ Reitz, ’n kleinseun van president FW Reitz, by die reservoir en swembad in die tuin van die Presidensie. Die reservoir dateer uit die ampstydperk van president Reitz



Bron: Foto, *The Friend*-versameling, Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek.

115 VPAB, OR56: *Burgemeestersverslag, 1891-1892*, p. 4; *The Friend*, 5 Februarie 1892, p. 2; 18 Maart 1892, p. 1.

116 VPAB, A566/441: Foto: GJ Reitz kyk na die ou swembad by die Presidensie; AREA, PV522/2/1/3: Roberts, *History of the Bloem Fontein*, p. 20.

## Op pad na “water pure and wholesome”: Die uitdagende waterskema-alternatief

Teen die laat 1880's is besef dat dringend 'n oplossing vir Bloemfontein se kwynende watervoorraad gevind sou moes word. Meer waterputte is gegrawe en damme gebou, maar soos die inwonertal toegeneem het, het die stadsraad besef dat die hoofstad 'n bykomende, betroubare waterbron benodig. Gevolglik is die Bloemfontein-watervoorsieningsmaatskappy in 1889 gestig om die moontlikheid van 'n geskikte waterskema vir die dorp te ondersoek.<sup>117</sup>

### *Samuel Hartogh-konsessie*

Die eerste persoon aan wie 'n konsessie toegestaan is “to supply the residents of the City of Bloemfontein with water pure and wholesome”,<sup>118</sup> was Samuel Hartogh van Johannesburg.<sup>119</sup> Volgens die kontrak van Junie 1889 moes Hartogh binne ses maande met die werk begin en die projek binne drie jaar voltooi anders kon hy sy deposito van £1 000,<sup>120</sup> wat as waarborg vir die werk aan die stadsraad betaal is, verbeur.<sup>121</sup>

### *Henry Adler-konsessie*

Aangesien Hartogh nie aan sy kontrakvoorwaardes kon voldoen nie, het hy sy deposito verbeur en is die “Bloemfontein Waterwerken Concessie” in April 1891 aan Henry Adler toegeken.<sup>122</sup> Ná die ondervinding met Hartogh was die huiseienaars lugtig om 'n nuwe konsessie toe te staan, maar omdat die bestaande watervoorraad in Bloemfontein nie voldoende was vir alle behoeftes nie, het hulle ingestem om 'n nuwe konsessie vir 'n aanvullende waterskema toe te ken. Net die spoorweë alleen, met hulle stoomlokomotiewe, het daaglik 'n enorme hoeveelheid water verbruik.<sup>123</sup> Adler het onderneem om die hoofstad van “zuiver en gesond” water te voorsien. Dit het alle huidige en beplande nuwe woonbuurte, beide in die wit en swart gedeelte van die dorp, ingesluit. In elke straat moes 'n waterpyp gelê word, maar huiseienaars moes

117 VPAB, MBL7/1: Koerantknipsels: Redaksionele kommentaar oor watervoorsiening, *The Friend*, 15 Januarie 1885, 8 Mei 1889, p. 5.

118 Anon., “Memorandum of agreement”, *Gouvernements Courant*, 10 Mei 1889, pp. 1-2.

119 VPAB, MBL1/1/1/5: Minutes of the special meeting of the town council held on Monday 15<sup>th</sup> January 1889, minutes of the special meeting of the town council held on Thursday 29<sup>th</sup> January 1889; MBL3/1/2: *Mayor's minute, 1888-1889*, p. 4.

120 Bronne verskil hier. Die amptelike argivale bronne dui aan dat die bedrag wat Hartogh as sekuriteit betaal het, £1 000 was, terwyl koerantberigte beweer dat dit £2 000 was. *Daily Express*, 8 Desember 1890, p. 2.

121 VPAB, OR56: Burgemeestersverslag, 1889-1890, p. 4; *The Friend*, 8 Mei 1889, p. 5.

122 VPAB, MBL3/1/3: Mayor's minute, 1891-1892, p. 2, OR56: Burgemeestersverslag, 1891-1892, p. 2.

123 *The Friend*, 27 Januarie 1891, p. 2; 10 Februarie 1891, p. 2.

self die koste betaal indien hulle 'n pyp van die straatpyp tot by hulle erf of huis wou laat anlê.<sup>124</sup>

Adler se plan was om water vanaf die nabygeleë Rhenosterspruit na Bloemfontein te pomp en 'n reservoir by die Rhenosterspruit te bou. Die konsessionaris het 'n deposito van £1 000 as waarborg aan die stadsraad betaal.<sup>125</sup> Volgens die memorandum van ooreenkoms en kontrak moes die projek binne twee jaar voltooi wees.<sup>126</sup> Omdat grondeienaars stroomaf van die plek waar Adler se beoogde dam in die Rhenosterspruit gebou moes word, op grond van rivierregte teen die einde van 1892 'n interdik teen die bou van die dam gekry het, het dié konsessionaris se planne en skema onprakties geword. Gevolglik het Adler ook sy deposito verloor.<sup>127</sup>

### ***'n Waterkomitee en munisipaliteite span kragte saam***

Omdat die konsessionarisse sedert die laat tagtigerjare van die 19de eeu telkens teleurgestel het, is in 1893 'n openbare vergadering belê om die probleme rondom die waterskema te bespreek. Die burgemeester, dokter BO Kellner,<sup>128</sup> het beklemtoon dat dit uit 'n sanitêre oogpunt noodsaaklik was om suiwer, goedkoop water aan alle inwoners beskikbaar te stel, veral aan die armes. Dit is aan 'n waterkomitee bestaande uit 'n aantal stadsraadslede, asook bekende inwoners, te wete JG Fraser, R Innes, dokter Max Stollreither, FW Salzmann en GA Fichardt opgedra om deskundige advies en alle inligting te verkry. Die komitee moes onder meer 'n werkbare waterskema aan die publiek voorlê.<sup>129</sup> Thomas Stewart, 'n bekende ingenieur van die Kaapstadse munisipaliteit, het op versoek van dié komitee in 1893 en 1894 na Bloemfontein gekom om ondersoek in te stel na moontlikhede om 'n bykomende watervoorraad aan die Vrystaatse hoofstad te voorsien.<sup>130</sup>

---

124 VPAB, MBL7/1; GS191: Anon., "Memorandum van termene en conditien" – ooreenkoms tussen Henry Adler en die stadsraad van Bloemfontein. Vergelyk ook *Gouvernements Courant*, 9 Januarie 1891.

125 VPAB, GS191: Brief, stadsklerk – goewermentsekr., 28 Maart 1891; *The Friend*, 27 Januarie 1891, p. 2; 6 Februarie 1891, p. 3; 10 Maart 1891, p. 2; 21 April 1891, p. 3; 28 Julie 1891, p. 3; 31 Julie 1891, p. 2; 4 Augustus 1891, p. 3.

126 Anon., "Memorandum van termene en condition", *Gouvernements Courant*, 6 Februarie 1891, 13 Februarie 1891; 17 April 1891.

127 *The Friend*, 29 November 1892, pp. 2-3; 14 Maart 1893, p. 3; VPAB, OR56: *Mayor's minute, 1892-1893*, pp. 6-7.

128 Kellner was 'n gerespekteerde mediese praktisyn wat ook 'n groot rol in die gesondheidsake van Bloemfontein gespeel het.

129 VPAB, OR56: *Mayor's minute, 1892-1893*, p. 7; *The Friend*, 27 Januarie 1893, p. 2; 31 Januarie 1893, pp. 2-3.

130 *De Express*, 30 Augustus 1894, p. 3; *The Friend*, 11 Julie 1893, p. 3; 17 Augustus 1894, p. 2; 28 Augustus 1894, p. 3; 25 September 1894, p. 3.

Luidens dié verslag wat in 1894 aan die stadsraad voorgelê is, was daar drie moontlike bronne naby Bloemfontein wat vir watersvoorsiening oorweeg kon word, naamlik Rhenosterspruit, asook die Kaffer- en Modderrivier. Omdat die koste van enigeen van bogenoemde projekte baie hoog sou wees, is al drie voorstelle aanvanklik verwerp.<sup>131</sup> Teen die einde van 1894 is besef dat Bloemfontein se watersituasie kritieke vlakke bereik het en dat die hoofstad ten alle koste 'n bykomende, betroubare waterbron moes kry.<sup>132</sup> Die waterkomitee het aanbeveel dat die stadsraad 'n lening van £30 000 aangaan en dat ingenieur Stewart versoek word om planne en spesifikasies vir die eerste deel van die beoogde waterskema op te stel. Die spoorweë het onderneem om 40 000 Britse gelling (ongeveer 182 000 liter) water per dag van die stadsraad te koop, wat sou help om die lening af te betaal.<sup>133</sup>

In Augustus 1895 is weer 'n openbare vergadering in die stadsaal gehou waar die burgemeester, dokter Kellner, beklemtoon het dat die spoorweë bereid was om 'n gedeelte van die koste van die beoogde waterskema te dra.<sup>134</sup> Hierna is besluit: "That in the opinion of this meeting the only means of securing an adequate supply of water for Bloemfontein is to obtain it from the Modder-river."<sup>135</sup> Twee plekke in die Modderrivier, naamlik naby die spoorwegbrug en Sannahspost,<sup>136</sup> (kyk Figuur 1) is vir die bou van 'n dam oorweeg.<sup>137</sup>

As gevolg van onhigiëniese toestande en 'n ontoereikende sanitasiesstelsel, het Bloemfontein se water dikwels besmet geraak, wat weer tot die uitbreek van siektes soos ingewandskoors gelei het. Daarom het dokter Kellner, die stadsgeneesheer, monsters van verskillende openbare en private putte en watertenks geneem en dit by die Bakteriologiese Instituut in Grahamstad laat ontleed. Omdat die meeste monsters as ongeskik vir menslike gebruik bevind is, is inwoners aangeraai om alle water voor gebruik te kook. Kellner het verder aanbeveel dat water vir die Vrystaatse hoofstad uit 'n suiwer en gefiltreerde bron buite die dorp bekom moes word, soos byvoorbeeld die Modderrivier.<sup>138</sup> Droogtes, 'n toename in bevolkingsgetalle en die behoefte

---

131 *The Friend*, 27 Januarie 1891, p. 2; 10 Februarie 1891, p. 2.

132 *The Friend*, 2 Februarie 1894, p. 3; 22 Februarie 1895, p. 2.

133 VPAB, MBL3/1/4: *Burgemeestersverslag, 1895-1896*, pp. 4-5; *De Burger*, 5 September 1894, p. 2. Vergelyk ook *The Friend*, 17 Mei 1895, p. 2; 2 Augustus 1895, p. 2; 20 Augustus 1895, p. 2.

134 *De Burger*, 17 Augustus 1895, p. 2; *The Friend*, 16 Augustus 1895, pp. 2-3; 6 September 1895, p. 2.

135 *The Friend*, 16 Augustus 1895, p. 3; 20 Augustus 1895, p. 2.

136 Staan vandag as Sannaspos bekend.

137 PM Snyman, "Die grondslae van die historiese aardrykskunde...", p. 176.

138 *De Express*, 26 Mei 1896, p. 5; AC Groenewald, "Die sosiale lewensomstandighede in Bloemfontein ...", p. 44.

aan 'n standhoudende watervoorraad het die stadsraad genoop om die Modderrivier-waterskema in Desember 1896 goed te keur.<sup>139</sup>

### ***Die Modderrivier-waterskema kry momentum***

Omdat die water in die rivier by Sannahspost<sup>140</sup> van 'n beter gehalte was, is die dam en pompstasie daar gebou. Pompe en ander masjinerie vir die waterskema is uit Skotland ingevoer.<sup>141</sup> Intussen is 'n netwerk pype in Bloemfontein aangelê om water aan inwoners by hulle huise te verskaf, sodra die nuwe reservoir by Naval Hill<sup>142</sup> (kyk Figuur 2) voltooi is.<sup>143</sup> Loodgieters het reeds in 1898 in die koerante geadverteer dat hulle die insit van baddens, wasbakke en toilette in huise onderneem<sup>144</sup> (kyk Figuur 9). Vanaf die dam by Sannahspost is die water deur pompe tot bo-op Boesmanskop gepomp en daarvandaan deur middel van 'n pypeleiding van 21 myl (31,5 km) na Bloemfontein vervoer waar dit in 'n ondergrondse diensreservoir<sup>145</sup> van 800 000 gelling<sup>146</sup> (ongeveer 3,6 miljoen liter) aan die voet van Naval Hill gestoor sou word.<sup>147</sup> In April 1899 het die eerste water uit die Modderrivier Bloemfontein binnegestroom. Aangesien die filtreerders by Sannahspost eers twee weke later voltooi sou wees, was dié water nog effens modderig. 'n Paar maande later is die reservoir en pompstasie (kyk Figuur 10) aan die voet van Naval Hill voltooi, waarna water deur middel van pype na inwoners se wonings gepomp is<sup>148</sup> en dus teen die einde van 1899 die lewe van inwoners aansienlik vergemaklik en die druk op spruite en fonteine plaaslik verlig het.

---

139 *De Express*, 15 Desember 1896, p. 4.

140 *De Burger*, 29 Augustus 1894, p. 2; *The Friend*, 28 Augustus 1894, pp. 2-3, 17 Mei 1895, p. 2 en 20 Augustus 1895, p. 2.

141 *The Friend*, 25 April 1899, p. 3 en 16 Mei 1899, p. 4.

142 Naval Hill is die grootste heuwel in Bloemfontein en 'n bekende landmerk in die stad.

143 *The Friend*, 25 April 1899, p. 3; PM Snyman, "Die grondslae van die historiese aardrykskunde ...", p. 176.

144 *The Daily Express*, 18 Julie 1898, p. 1 en 13 Desember 1898, p. 1.


145 Die ondergrondse diensreservoir aan die voet van Naval Hill is 5,7 meter lank met vier tonnens. Dié ou reservoir is vandag nog in 'n goeie toestand en die moontlikheid word tans ondersoek om dit in 'n ondergrondse onthaalarea te omskep. Die pompstasie staan ook nog en is vir 'n ruk lank as verblyf vir rugsakstappers (Backpackers) gebruik. K. Davids, "Reservoir word dalk onthaalplek", *Volksblad*, 15 Oktober 2015, p. 3.

146 Een gelling = 4,5 liter.

147 *De Express*, 16 Mei 1899, p. 2; *The Friend*, 16 Mei 1899, p. 4.

148 *The Friend*, 25 April 1899, p. 2, 16 Mei 1899, p. 4, 12 September 1899; p. 2; *De Express*, 16 Mei 1899, p. 2.

Figuur 9: 'n Loodgietersadvertensie



Bron: *The Daily Express*, 13 Desember 1898.

Figuur 10: Die ou pompstasie aan die voet van Naval Hill, wat in 1899 voltooi is



Bron: Foto, L Philip, Departement Argeologie, Nasionale Museum, Mei 2015.

## Samevatting

Omdat Bloemfontein nie langs 'n groot rivier geleë is nie, het die stad reeds sedert die 1880's watertekorte begin ondervind. Aanvanklik het waterbronne in die onmiddellike omgewing, soos fonteine, Bloemspruit, waterputte en damme, voldoende water aan die inwoners van die Vrystaatse hoofstad verskaf, maar namate Bloemfontein verder ontwikkel en die aantal inwoners

toegeneem het, was die bestaande watervoorraad nie meer genoeg om in die dorp se groeiende behoeftes te voorsien nie. Die koms van die spoorweë in 1890, wat 'n groot watergebruiker was, asook gereelde droogtes, het watertekorte vererger. Daarbenewens het die bestaande waterbronne dikwels besmet geraak, wat weer tot siektes soos disenterie en ingewandskoors gelei het.

Gevolglik moes daaraanvullende, betroubare waterbronne buite die destydse dorp gekyk word. Daarom is die Bloemfontein-watersvoorsieningsmaatskappy in 1889 gestig om die moontlikheid van 'n geskikte waterskema vir die dorp te ondersoek. Omdat verskeie private konsessionarisse, aan wie konsessies toegestaan is om die hoofstad van bykomende water te voorsien, nie daarin kon slaag om die beoogde waterskema te verwesenlik nie, moes die Bloemfonteinse stadsraad die saak self ter hand neem, veral nadat die watersituasie teen 1894 kritiek geword het. Nadat die Modderrivier-waterskema in 1896 goedgekeur is, het water uit die Modderrivier naby Bloemfontein die Vrystaatse hoofstad uiteindelik in 1899 bereik en het inwoners lopende water verkry. Op indirekte wyse het die droogtes en ingewandskoors-epidemies, asook die ontwikkeling van die dorp en die groei van die bevolking, tot die verbetering van die inwoners se lewenspeil gelei.

Op 17 Januarie 1904 het 'n buitengewoon swaar reënstorm Bloemfontein en nabye omgewing getref, waarna 'n watermassa na die ou vlei gebied wes van die dorp gestroom het, vandaar oor die dorpsdam en damwal en in die kronkelende Bloemspruit af. Omdat Bloemspruit as afvoerkanaal vir die hele gebied gedien het, het die spruit vanweë die massa vloedwater sy walle ver oorstroom, strate verspoel, die brûe oor die spruit weggespoel en beskadig, en bome, huise, winkels en ander geboue naby die spruit is deur die stormwater meegesleur of beskadig, terwyl nagenoeg 60 inwoners in die vloedwater omgekom het. Na die bepaling van die geweldige vloedskade en lewensverlies, is besef dat daar maatreëls getref sou moes word om 'n herhaling van die ramp te voorkom. Die nodige grond is dus onteien en Bloemspruit is gekanaliseer en reguit gemaak tot 'n diepte van tussen 15 en 20 voet (4,5 meter en 6 meter) en 'n breedte van 100 voet (30 meter). Dit is voldoende om twee maal die volume water wat die dorp in 1904 getref het, te hanteer. Die kante van die kanaal is met sandsteenblokke uitgevoer, terwyl die ou ysterbrûe met sandsteenbrûe vervang is.<sup>149</sup>

---

<sup>149</sup> K Schoeman, *Bloemfontein...*, pp. 184-186.

Om in die toenemende waterbehoefte van die groeiende bevolking van Bloemfontein te voorsien, is daar in 1904 nuwe waterwerke met 'n kapasiteit van 220-miljoen gelling ('n biljoen liter) by Maselspoort (kyk Figuur 1) naby Bloemfontein geopen<sup>150</sup> en 'n jaar later is twee groot nuwe ondergrondse diensreservoirs, een by Seinheuwel en een by Grantheuwel (kyk Figuur 2) gebou.<sup>151</sup> In 1913 is Mockes-dam naby Maselspoort in die Modderrivier voltooi,<sup>152</sup> terwyl die Groothoekdam (kyk Figuur 1), in die Kgabanyanerivier ('n sytak van die Modderrivier) naby Botshabelo in 1948 gebou is.<sup>153</sup> Die Rustfontein-dam tussen Dewetsdorp en Sannaspos is in 1955 voltooi, terwyl die Krugersdrift-dam noordwes van Bloemfontein (kyk Figuur 1), albei in die Modderrivier, in 1970 gebou is. In 1973 is die Welbedacht-dam in die Caledonrivier en in 1988 die Knellpoort-dam in die Rietspruit, 'n sytak van die Caledonrivier (kyk Figuur 1), albei naby Wepener, voltooi, vanwaar water met pypleidings na Bloemfontein vervoer is.<sup>154</sup> Verskeie waterreservoirs en ander waterwerke is met verloop van tyd in 'n aantal woonbuurte van Bloemfontein en die res van die Mangaung metropolitaanse munisipaliteit opgerig en in 2012 het Bloemfontein reeds 26 reservoirs gehad, terwyl nog twee reservoirs tussen 2012 en 2016 gebou is. Een van laasgenoemde reservoirs is bo-op Naval Hill (kyk Figuur 2) gebou.<sup>155</sup>

Ofskoon daar dus vroeg in die 20ste eeu waterwerke by Maselspoort aangelê is en verskeie groot damme en reservoirs met verloop van tyd binne die grense van die Mangaung metropolitaanse munisipaliteit gebou is, vanwaar Bloemfontein met pypleidings van water voorsien is, het dit geensins die Vrystaatse hoofstad se waterprobleme opgelos nie en veral in tye van langdurige droogte ontstaan daar steeds watertekorte. Omdat verouderde water- en sanitasie-infrastruktuur slegs herstel en nie vervang word nie en

---

150 K Schoeman, *Bloemfontein...*, p. 186.

151 Hierdie twee diensreservoirs het later in onbruik verval en in 2002 is die ou diensreservoir by die huidige Oliewenhuis-kunsmuseum op Grantheuwel deur die Nasionale Museum in 'n kunsgalery omskep. H Haasbroek, "Die ontstaan van die unieke ondergrondse Reservoir-galery (2002) by Oliewenhuis-kunsmuseum in Bloemfontein", *Navorsing van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 30(4), November 2014, pp. 54-55.

152 Anon., "Free State region river systems – 2003", State of rivers report 6, p. 31 (beskikbaar by [http://soer.deat.gov.za/dm\\_documents/Free\\_State\\_AvOCU.pdf](http://soer.deat.gov.za/dm_documents/Free_State_AvOCU.pdf), soos gelees op 6 Januarie 2017).

153 Nasionale Argiefbewaarderplek, Pretoria (SAB): NTS8001, Verwysing 337/ D459; NTS10461, Verwysing D459.

154 Anon., "South Africa's water history: 20<sup>th</sup> century", pp. 5, 8-9 (beskikbaar by <http://www.ewisa.co.za/misc/WaterHistory/default20c.htm>, soos gelees op 4 Januarie 2017).

155 X Pongolo en S Mazibuko, "Mangaung presentation. BEPP Presentation portfolio committee on human settlement", 16 May 2012, pp. 33-35 (beskikbaar by <http://pimg-assets.s3-website-eu-west-1.amazonaws.com/doc/2012/120516Mangaung-edit.pdf>, soos gelees op 6 Januarie 2017); Anon., "Lafarge provides concrete solutions for new Bloemfontein reservoir", *Leading Architecture Design*, 11 Maart 2014 (beskikbaar by <http://www.leadingarchitecture.co.za/lafarge-provides-concrete-solutions-new-bloemfontein-reservoir/>, soos gelees op 9 Januarie 2017).

die Vrystaat dikwels onder ernstige droogtes gebuk gaan, is daar steeds kort-kort probleme met watersvoorsiening in die Mangaung metropolitaanse munisipaliteit, net soos in die 19de eeu die geval was met Bloemfontein. Daar is waarskynlik ook na 1994 nie rekening gehou met die vinnige ontwikkeling en groot bevolkingstoename van Bloemfontein en die groter Mangaung metropolitaanse munisipaliteit nie, sodat beplanning vir voldoende en bykomende watersvoorsiening, veral in erge droogtetye soos tans (2016), nie voldoende is nie. Verder is waterbeperkings eers in Julie 2015 ingestel toe die toestand reeds kritiek was. Tans selfs sprake van die aanlê van 'n uiters duur pypleiding vanaf die Gariëpdam naby Colesberg in die Noord-Kaap na Bloemfontein en die groter Mangaung-gebied.

Indien genoeg reën nie in die opvanggebiede val sodat die damme wat die Mangaung metropolitaanse munisipaliteit van water voorsien,<sup>156</sup> se watervlakke weer voldoende styg nie, kan Bloemfontein en die Mangaung metropolitaanse munisipaliteit nog verdere watertekorte en beurtwater in die gesig staar, of die krane kan selfs heeltemal opdroog, soos dit reeds die geval in ander Vrystaatse dorpe is. Dit kan vir 'n stad soos Bloemfontein, met sy groot bevolkingstal,<sup>157</sup> besighede en talryke opvoedkundige instellings, katastrofiese gevolge inhou, tensy verdere noodmaatreëls getref kan word. Die ingewikkelde kwessie van watersvoorsiening aan Bloemfontein, wat reeds sedert die 19de eeu probleme veroorsaak het, duur dus steeds in die 21ste eeu voort en is selfs besig om te vererger. Ofskoon reënvooruitsigte vir 2017 klaarblyklik beter is, sal dit waarskynlik 'n paar jaar van bogemiddelde reënval verg voordat die watervoorraad in die Mangaung metropolitaanse munisipaliteit weer voldoende aangevul is. Omdat watertekorte in tye van toekomstige droogtes weer kan ontstaan, sal daar dringend na 'n blywende oplossing vir die waterprobleme van die Vrystaatse hoofstad gesoek moet word.

---

<sup>156</sup> Verwys na die inleiding en Figuur 1 vir hierdie damme se name en ligging.

<sup>157</sup> Verwys na die inleiding vir inwonersgetalle van Bloemfontein en die Mangaung metropolitaanse munisipaliteit.